(Hierdie dokument is slegs van toepassing op Suid-Afrikaanse studente en studente met permanente verblyf permitte)

1. Registrasiedatums vir 2022

Die Registrateursafdeling sal registrasiedatums vir 2022 voor die einde van die jaar in ’n afsonderlike kennisgewing kommunikeer.

2. Verpligte eerste paaiement van Studie- en Inwoningsgelde vir 2022:

Die volgende bedrae moet betaal word voor bogenoemde registrasiedatums:

Verpligte eerste paaiement van Studiegelde	
Voorgraads	**R15 212**
Nagraads	**R11 093**
Diploma/Sertifikaat	**R11 093**
Verpligte eerste paaiement van Inwoningsgelde	**R15 400**
Verpligte eerste paaiment vir koshuisstudent (totale bedrag)	
Voorgraadse koshuistudent (R15 212 + R15 400)	**R30 612**
Nagraadse koshuistudent (R11 093 + R15 400)	**R26 493**

Die Universiteit Stellenbosch (US) sal geen afsonderlike studenterekening tydens registrasie versprei wat die bedrae hierbo weerspieël nie. Die bedrae moet betaal word sodra die student aanlyn of fisies aan die universiteit registreer.

Die eerste studenterekening sal slegs beskikbaar wees nadat die student geregistreer het en ons sal dit stuur binne ’n week nadat registrasie gesluit het.

Kontantlose betalings

Die US migreer na ’n kontantlose omgewing vir betalings op sy kampusse sodat studente en ouers nie meer kontant met hulle hoef saam te dra vir sekere betalings nie. Maak gerus gebruik van die volgende betalingsoplossings vir die betaling van alle studentegelde en dienste:

Aanlynbetalings (Eft of kredietkaart) op die US se webtuiste

Aanlynbetalings is moontlik op Studentegelde-afdeling se webblad by www.maties.com

Dan:

1. Kliek op “Gelde”.
2. Kies “Aanlyn betaling van Studentegelde”.
3. Volg die instruksies en betaal met ’n kredietkaart of via elektroniese geld-oordrag (Eft).

Snapscan

SnapScan is ’n mobiele applikasie waarmee jy kontantlose betalings kan maak. Studente kan twee SnapScan binne-toep betalings maak, naamlik vir rekeningbetalings van studentegelde en vir voorafbetaalde dienste soos drukkrediete, wasgoed en etes.

Die US glo aanlyn- of binne-toepbetalings hou baie voordele in. Die kwitansie word byvoorbeeld onmiddellik verwerk en gevolglik is daar geen vertraging tydens die registrasietydperk met die betaling van die verpligte eerste paaiement(e) nie, en ook nie later met die bekendmaking van eksamenuitslae nie.

3. Geen uitstaande skuld met registrasie nie

Neem asseblief kennis dat jy alle agterstallige bedrae moet vereffen voordat ‘n student vir 2022 mag registreer. Die Universiteit kan geen afbetalingsooreenkoms vir uitstaande skuld sluit nie.

4. Betalingsterme van studenterekeninge

Jy kan studenterekeninge op twee maniere vereffen:

Opsie 1: *Betaling in drie paaiemente*

Met registrasie	Eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgeld
31 Mei	Minstens 75% van die restant van u totale rekening nadat die gelde wat u reeds teen die registrasiedatum betaal het, afgetrek is.
30 September	Die uitstaande balans op u studentegelderekening.

Opsie 2: *Debietorder wat bestaan uit die volgende paaiemente:*

Met registrasie	Eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgeld
1 April tot en met 1 November	’n Verdere agt paaiemente wat op die eerste dag van die maand per debietorder betaal moet word.

Aansoek vir die debietorder-opsie sluit 15 Maart en die nodige vorms kan op die Webtuiste by http://www.maties.com/tuis.html gekry word onder “Gelde”, “Betalingsopsies” of stuur ‘n e-pos aan tyholweni@sun.ac.za.
Aansoeke ná 15 Maart sal oorweeg word onderhewig aan ’n voorafbetaling van die minimum debietorderbetalings wat teen 1 April betaal moet word.

Indien die volle studenterekening van Suid-Afrikaanse arting voor 31 Maart vereffen word, kan daar aansoek gedoen word vir ’n 3% arting op die onderriggeld-komponent (onderhewig aan voorwaardes soos uiteengesit in die *Universiteit se Jaarboek*). Die nodige vorms kan op die Webtuiste by http://www.maties.com/tuis.html gekry word by onder “Gelde”, “Betalingsopsies” of stuur ‘n e-pos aan studentegelde@sun.ac.za

Internasionale studente, insluitend nie-residensiële internasionale studente en Namibiërs, moet hul volle onderriggelde op die dag van registrasie vereffen.

5. Aktivering van studentekaart vir 2022

Studentekaarte kan slegs vir 2022 uitgereik/geaktiveer word indien die volle 2021-studenterekening vereffen is en die eerste verpligte paaiement van studie- en inwoningsgeld op die rekening reflekteer.

Blokke sal slegs gelig word vir die aktivering van ’n studentekaart indien die volle 2021-rekening vereffen is en die student bewys van die volgende kan lewer:

1. ’n Eksterne beurs (nie US) wat op die briefhoof van die befondser aandui dat die befondser die eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgelde sal betaal. US-beursstudente hoef nie ’n bewys te lewer nie. Hullekan direk ná registrasie hul kaarte aktiveer. Stuur asseblief alle bewyse van beursdokumentasie aan Avron Davids by avrondavids@sun.ac.za

2. ’n Amptelike bewys van ’n polis wat nog in die akademiese jaar uitbetaal gaan word en wat voldoende is om die eerste verpligte betaling te dek.

3. ’n Lening (soos ’n Banklening, Fundi of studielening) waarvan die leningsbedrag genoeg is om die eerste verpligte betaling te dek. Dit moet ook die datum wanneer dit inbetaal sal word, aandui.

4. Indien ’n student se beurs, polis of lening nie die volle eerste verpligte betaling kan dek nie en die student kan bewys lewer dat sy/haar aansoek vir ’n studentelening onsuksesvol was, kan die volgende uitstelreëling getref word – onderhewig aan die aanvaarding van die bepalings van die onderneming:

    a. Die eerste verpligte betaling (studie- en inwoningsgelde) kan in gelyke paaiemente afbetaal word tot en met 31 Maart.

    b. Die eerste paaiement van die uitstelreëling moet onmiddellik betaal word. Die blok sal eers gelig word sodra die eerste paaiement in die rekening reflekteer en Studentegelde die volledig voltooide vorm verwerk het.

    c. Indien uitstelreëlings in Januarie getref word, beloop die paaiemente as volg:
        - Voorgraadse student **R5 071 x 3 (Januarie tot Maart)**
        - Nagraadse student **R3 698 x 3 (Januarie tot Maart)**
        - Voorgraadse koshuisstudent **R10 204 x 3 (Januarie tot Maart)**
        - Nagraadse koshuisstudent **R8 831 x 3 (Januarie tot Maart)**

    d. Indien uitstelreëlings in Februarie getref word beloop die paaiemente as volg:
        - Voorgraadse student **R7 606 x 2 (Februarie en Maart)**
        - Nagraadse student **R5 547 x 2 (Februarie en Maart)**
        - Voorgraadse koshuisstudent **R15 306 x 2 (Februarie en Maart)**
        - Nagraadse koshuisstudent **R13 247 x 2 (Februarie en Maart)**

Die uitstelreëlingsvorm is eers teen Januarie 2022 beskikbaar op versoek by die Afdeling Studentegelde en afhanklik van goedkeuring deur dié afdeling. Eestejaarstudente wat graag gebruik wil maak van die drie maande afbetalingsooreenkoms, kan vanaf Januarie aansoek doe.. Die ooreenkoms is spesifiek om vir die verpligte eerste betaling voorsiening te maak.

6. Staking van studie voor 31 Maart

Indien ’n student se studies gestaak word voor of op 31 Maart, word alle studiegeld teruggeskryf. Koshuisstudente sal aanspreeklik bly vir die inwoningsgeld totdat die koshuisplek gevul is.

Baie dankie vir jou betalings in 2021.

Vriendelike groete

Afdeling: Studentegelde
Kantoorure vir navrae: Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 16:30
Telefoonnommer tydens registrasie: 021 808 3791/4420/3530/4783
E-posadres (studentegelde): studentegelde@sun.ac.za